KERSFEES GEHEIME

APPARAAT:

2 Kartondose, bv. skoendose. Die een is baie mooi opgemaak van buite, maar binne-in is 'n klomp op gefrommelde koerantpapier, dalk ook 'n paar klippe net vir gewig. Die ander een is nie juis aantreklik opgemaak nie, maar dit is vol verrassings vir die kinders, bv. lekkertjies, ens.

INLEIDING:

Maatjies, julle weet mos, Kersfees is altyd 'n tyd van geheime. Ons bestee baie tyd daaraan om vir Pappa en Mamma en ons familie en vriende geskenke te koop en dan moet daardie geskenke in die huis ingesmokkel word sonder dat iemand dit sien en dit moet mooi toegedraai word en weggesteek word tot Kersdag. Julle weet mos hoe nuuskierig almal is oor wat in die pakkies is, nè! Maar almal probeer dit 'n groot geheim hou. Ons probeer selfs die pakkies so opmaak dat iemand nie sommer kan agterkom wat binne-in sy pakkie is, voordat hy dit nie eers oopgemaak het nie.

AANBIEDING:

Maatjies, weet julle wat? Ek het sommer vandag vir julle 'n geheime doos saamgebring. (*Wys die mooi toegedraaide pakkie*). Kan julle raai wat hierin kan wees? (*Stuur dit omdat hulle dit skud en raai*). As ek so die pakkie bekyk, dan dink ek dit moet 'n baie spesiale geskenk wees, maar dit is buite die kwessie/heeltemal onmoontlik/daar is geen sprake dat ons vir seker kan weet wat binne-in is nie, is daar?

Ek het nog so 'n geheime doos saamgebring. (*Hou die doos op wat nie mooi toegedraai is nie, bv. met bruinpapier*). (*Stuur dit ook om sodat hulle kan skud en raai*). Wat dink julle kan daarin wees – weet ons vir seker? Nee, dit is maar alles net raaie, nè? As ek egter so na die pakkie kyk, dan weet ek nie of die inhoud so mooi kan wees nie. As ons nou een pakkie hier kan oopmaak, watter een sal julle graag wil hê ons moet oopmaak? (*Waarskynlik die mooi pakkie*). Goed, kom ons maak die pakkie oop en ons kyk wat is binne-in. Wat 'n teleurstelling! Weet julle ons is heeltemal verkul deur die mooi geskenkpapier buitekant. Binne-in was eintlik niks wat enige iemand wil hê nie. Kom ons maak die ander pakkie nou oop. Wat 'n verrassing! Weer het ons vasgekyk teen die lelike pakkie en eintlik was daar vir ons 'n wonderlike verrassing binne-in!

Weet julle, hier is 'n groot les wat ons hieruit kan leer. God gee vir ons baie geskenke: ons huise, ons lewens, ons families. Maar Hy gee vir ons veral een baie spesiale geskenk, waaraan ons veral weer dink met Kersfees. Wie van julle kan vir my sê wat dit is! (*Ja, Jesus*) Jesus was God sê baie spesiale geskenk aan ons. Iemand wat ons Verlosser kan wees, wat ons Vriend kan wees, wat vir ons leer hoe om te lewe. Maar weet julle wat, die mense het Jesus nie aanvaar nie, omdat Jesus nie in die "pakkie" was wat hulle wou hê Hy moes kom nie. Hulle het verwag Jesus moes soos 'n koning kom, met baie mense en kore en trompette en soldate en mooi klere .... en toe kom Jesus as 'n babatjie wat in 'n stal gebore word en nie in 'n paleis nie. Hy het nie 'n ryk en belangrike Pappa en Mamma gehad nie, hulle was maar baie arm, Josef was maar net 'n skrynwerker wat houtwerk gedoen het.

Vandag nog is daar mense wat nie vir Jesus wil aanvaar as God se spesiale geskenk aan ons nie, maar ons weet, al het Hy aan die "buite-kant" maar gewoonweg gelyk, dat Hy die seun van God is. Die engele het dit vir die herders gaan vertel en die Wyse Manne het geweet dat Hy spesiaal was.

Hy mag dalk soos 'n gewone mens gelyk het, maar ons weet dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het en dat hy uit die dood uit opgestaan het. Ons weet dat Hy God self is, dat Hy ons Verlosser en ons heel beste Vriend is, al het Hy nie in pragtige geskenkpapier en linte na die wêreld gekom nie.

AFSLUITING:

Sal julle asseblief die Kersfees onthou wanneer jy jou geskenke oopmaak dat elke geskenkie wat jy oopmaak jou moet herinner aan die grootste geskenk van alle tye?

Jesus – die Seun van God!